# IGNITE 4

## A passion for change 2019

## Moenie worry nie!

### Inleiding (*welcome)*

**Laat elkeen 'n lys maak van alles waaroor julle die afgelope 2 dae oor geworry het.**

**Gee vir elkeen kans om hul lysies te lees en te verduidelik hoekom hulle daaroor worry.**

### Agtergrond (*word a)*

As Jesus sy bediening op aarde begin is dit met die woorde*:*

***"Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom." – Matteus 4:17***

Of anders gestel:

***"Daar is 'n ander manier waarop jy kan leef wat in jou en die mense rondom jou***
***en die wêreld waarin jy leef 'n baie groter en dieper verskil gaan maak...***
***maar dit gaan van jou vra om heeltemal te verander."***

In die Bergpredikasie gee Jesus vir ons duidelike riglyne of beginsels waarop hierdie nuwe koninkryk gebou is. Ons ken dit. Ons lees dit baie gereeld maar ongelukkig leef ons dit nie altyd nie en juis daarom is vir ons die uitdaging om hiervolgens te begin leef.

**Jesus wil ons leer om Hom te vertrou. Hoekom dink julle is dit so moeilik om die Here te vertrou?**

### Skriflesing: Lees Matteus 6:24-34 (*word b)*

- As ek Jesus reg verstaan sit daar iets groter en meer agter al ons worries en bekommernisse. Wat wil v 24 vir ons hieroor leer?
    - Die vraag wat ons eerlik sal moet antwoord, is wie se slaaf is ons?
    - As ons Jesus se slaaf is, dan moet dit wat vir Jesus belangrik is, ook vir ons belangrik word. En dan moet ons begin bekommerd raak oor ander sake. Watter sake dink jy raak dan belangrik?

- Jesus gebruik die voorbeeld van voëls en plante om te verduidelik dat God vir hulle sorg – **v 26,28**. Ons kan maklik dink dat om nie te worry nie, soms beteken ons laat God's water oor God's akker loop. As julle dink aan voëls, hoe is hierdie niks-doen mentaliteit beslis nie waar nie?
    - Ons het dus nog steeds baie wat ons moet doen – maar moet dit met 'n ander gesindheid doen. God wil hê ons moet Hom vertrou.

   - Wat wil v 26 vir ons hieroor leer?  Hoe moet God vir jou sorg vandag?  (Dink terug na alles waaroor jy bekommerd is)

- Watter les kan ons by die lelies leer oor bekommernis – v 28?  Weer sê Jesus dat God vir hulle sorg.

- In v 28 sê Jesus ons moet nie kleingelowig wees nie.  Dit beteken om min geloof te hê (Latyns – minimale geloof of in ander woorde – net genoeg... en in Grieks beteken dit pieperige geloof).  Hoe kan ons min geloof ons help om oor baie goed te worry die heeltyd?

   - Om te worry is om te glo dat God nie weet wat ons nodig het nie (v 32), nie omgee nie (v 26 en 30) en nie gaan sorg nie (weer v 26 en 30)!

- Watter belofte is daar in v 32 en v 33?

## Ons uitdaging is: (*works*)

Ons ken hierdie gedeelte baie goed en ons sukkel om eg en eerlik te wees.

i. Wat het jy nodig om jou te help om nie so baie te worry nie?

ii. Wees eerlik oor waarmee jy die meeste sukkel – wat vir jou die moeilikste is.

iii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.

2. Dank die Here vir sy voorbeeld en die uitdaging wat dit vir ons inhou, asook vir sy belofte dat Hy vir ons sal sorg..

3. Bid hardop die Onse Vader as groep saam (Dalk kan julle sommer die kinders se gebare gebruik om julle daarmee te help.)